Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad

*Kimberley-distrik gaan nie beslis of genl. Smuts dan wel of dr. Malan 'n tussenverkiesing gaan wen en dus een prater in die parlement ryker word nie.*

# Die O.B.

*Kimberley-distrik kan wel beslis of die skeurbeleid van die partypolitiek oor volkseenheid sal seëvier, en of die Afrikanervolk dus nog 'n algemene verkiesing gaan verloor.*


VIERDE JAARGANG. WOENSDAG, 22 AUG. 1945. No. 39.

# AMNESTIE GEVRA VIR GEVANGENES

## GESPREK MET GENL. SMUTS

### WIL WEET WAT IS O.B. SE TOEKOMS

**Op 'n vergadering te Melville het sen. Raubenheimer verlede week verhaal wat tussen hom en genl. Smuts plaasgevind het tydens sy besoek aan die Eerste Minister.**



Senator Raubenheimer

Oom Naas het vertel dat hy eers by dr. Colin Steyn was om aan hom namens die Ossewabrandwag te vra na wie hy nog soek. Dr. Steyn het hom 'n lys van 33 name gewys en gesê: „Na hulle".

Op aandrang van oom Naas het dr. Colin Steyn belowe dat as hierdie manne hulle aan die gereg uitlewer, hul straf net die helfte ligter sal wees. Daarna is aan hierdie vriende wat nog voortvlugtig is, berig gestuur dat hulle maar kan uitkom.

Oom Naas het aan die K.G. voorgestel dat hy genl. Smuts om algemene politieke amnestie moet nader. Die K.G. het oom Naas versoek om dit te doen, aangesien hy self dit nie kan doen nie.

Die dag tevore het hy dr. Colin Steyn gespreek oor die behandeling van die Duitsers, en toe hy dreig om na genl. Smuts te gaan, het dr. Steyn hom gevra om dit nie te doen nie.

Oom Naas het vertel dat hy besonder vriendelik ontvang is deur genl. Smuts. Die volgende gesprek het toe tussen hulle plaasgevind:

Oom Naas: „Generaal, u het nou 'n geleentheid om 'n groot weldaad aan die volk te bewys. Kom, verleen nou algemene politieke amnestie".

Genl. Smuts: „Wat, vir almal?"

„Ja, vir almal".

„Ook vir dié wat ter dood veroordeel was?"

„Ook vir hulle".

Genl. Smuts: „Ek het 'n skaal wat ek moet balanseer, Naas".

„Trek dan die streep hoog, Generaal".

**Die Eerste Minister het beloof om op die saak in te gaan. Hulle het toe oor die O.B. gesels. Oom Naas het verduidelik dat „ons nie kom oorgee nie", waarop hy sekere dokumente aan genl. Smuts oorhandig het.**

Genl. Smuts het dit gelees en gevra wat 'n S.J. is. Oom Naas het geantwoord dat dit 'n Stormjaer is — lid van 'n organisasie wat in die ban gedoen is.

Genl. Smuts het gevra wat is die toekoms van die Ossewabrandwag.

„Ek het aan hom gesê die Ossewabrandwag streef 'n republiek na. Hy het geglimlag. Ek het toe gesê dat, al mag ons in hierdie geslag die strewe nie verwesenlik nie, ons dit aan ons kinders sal oordra. Ek het hom verseker dat die O.B. nie 'n landsgevaar is nie en hom gevra wie vir die afhanklikes van die geïnterneerdes sou gesorg het as die O.B. nie daar was nie. Genl. Smuts het dié keer nie geglimlag nie", het oom Naas vertel.

**Voortgaande het sen. Raubenheimer vertel dat hy baie trots daarop is om 'n Brandwag te wees. Die O.B. is die enigste organisasie wat beloof dat hy sy mede-Afrikaner nie in die steek sal laat nie. Spr. het verwys na genl. Hertzog en hom die grootste Afrikaner van hierdie eeu genoem.**


**Sen. Raubenheimer het ook vir die Duitse Unie-burgers in die bresse getree, sodat ook hul posisie oorweeg word.**

## SEN. RAUBENHEIMER TREE BY REGERING IN

### Sal O.B. in Staat Stel om Bogronds Te Veg, Sê K.G.

***Die Kommandant-generaal, dr. J. F. J. van Rensburg, kondig in onderstaande verklaring aan dat sen. I. van W. Raubenheimer by die regering in die bresse getree het om amnestie vir alle gevangenes wat tydens die oorlogsjare in die stryd vir hul volk in botsing gekom het met die noodwette.***

***So'n amnestie, aldus die Kommandant-generaal, sal die O.B. in staat stel om geheel en al bogronds in die politieke stryd te tree, waar hy in die verlede gedwing was om gedeeltelik ondergronds te veg.***



Die Kommandant-generaal

Die verklaring lui as volg:

„In die afgelope ses jaar moes die O.B. dikwels ook 'n ondergrondse stryd aanknoop. Dit was die natuurlike en ook die vanselfsprekende antwoord op klopjagte en arrestasies kragtens noodregulasies. Mens moes òf die vlag van verset stryk òf ten dele ondergronds gaan. Ons het verkies om ten dele ondergronds te gaan. Deur die parlementêre opposisieleiers nie net in die steek gelaat nie, maar selfs aan die vervolging van die regering uitgelewer, moes die O.B. nog boonop alleen sorg vir die vrouens en kindertjies van die geïnterneerdes en gevangenes. Hy het gesorg vir vyf jaar lank, alleen. Goddank daarvoor!

„Politieke gevangenes wat ontsnap het en wat soos gejaagde diere in hul eie vaderland moes lewe, het elke O.B.-deur vir hul oop gevind, nag en dag. En so lank as hulle moet swerwe daarbuite, of daarbinne moet ly of hongerstaak — solank sal die O.B. hulle bystaan, al kos dit ook verdere arrestasies, verdere offers. **Want dit is die strekking van ons eed. Solank as hulle moet ly of swerwe!**

**„Maar waarom nog langer, noudat die oorlog verby is? Dit hang van die regering af.**

#### VERTOË

„Uit sowat 200 L.V.'s en senatore is daar net een enkeling wat die O.B. en sy gevangenes met vrymoedigheid kan nader om by die regering bemiddelend op te tree terwille van die gevangenes en voortvlugtiges. **Net een man uit daardie 200: Senator Naas Raubenheimer het deur dik en dun by sy mede-Afrikaner in die O.B. gestaan.**

**„Namens die O.B. het oom Naas Raubenheimer by die Eerste Minister 'n beroep gedoen om amnestie vir daardie Afrikaners wat landswette en noodregulasies oortree het, nie omdat hulle misdadigers was nie, maar omdat hulle die volk en die republikeinse ideaal bo die eie vryheid en die eie lewe gestel het.**

#### DIE GEVOLGE

„Deur so'n daad van grasie sou generaal Smuts wel nie die O.B. van sy republikeinse strewe bring nie, maar hy sou seer sekerlik van die persoonlike dank en persoonlike respek van tienduisende O.B.-Afrikaners verseker wees. Meer as enige ander daad sou dit bydra om die felle bitterheid, wat ons politieke lewe vertroebel, te verdryf.

**„En daardeur ook, en daardeur alleen, sal hy O.B.-manne en -vroue in staat stel om in die na-oorlogse jare die ondergrondse stryd te staak en alle strewe binne die raam van wet en orde te voer. Ons stry vandag nog ten dele ondergronds, nie omdat ons dit verkies nie, maar omdat ons eed ons verbied om een enkele Afrikaner, wat nog vervolg word, of wat nog agter slot en grendel sit, in die stryd te verlaat of aan die vyand uit te lewer. En daardie eed gaan ons, met genade, in die toekoms nakom net soos in die verlede.**

„In hierdie ses jaar van alleenstaan het die Beweging ontwikkel tot 'n taaie, selfstandige volkspolitieke magsfaktor, aan geen party gekoppel nie, en vry om sy eie pad te bewandel. Daardie pad hoef geen onwettige pad te wees nie".

ROELOU BARRY
(EDMS.) BPK.
—o—
GARAGES EN HANDELAARS
—o—
Vir Diens te:
Robertson — Montagu
Ashton — Bonnievale
Koebergweg, Brooklyn — Kaapstad
Laingsburg

*'N MOOI LEERSAK*
*is baie belangrik*
*by u uitrusting.*
*Kry dit by*

Steyns

Die Dames-Winkel
PAROW

MARKAGENTSKAP
VROEË MÔRE-MARK
KAAPSTAD

BETALING GESKIED ONMIDDEL-LIK, WEEKLIKS, MAANDELIKS OF SOOS VERLANG.

BESTE HEERSENDE PRYSE.

*MINNAAR & VAN SCHOOR*
Eienaar: GUSTAV RETIEF.
Telefoon 2-0212.

## Bespotting Van Geregtigheid

### Pétain se Verhoor

Die wêreld is in die afgelope weke nogmaals getrakteer op een van die skynhowe waarvoor die kommuniste berug is. In Frankryk het die grootste bespotting van reg en geregtigheid plaasgevind met die verhoor en veroordeling van die gryse Franse krygsheld, maarskalk Pétain. As 'n ou man van 89 jaar is hy voor 'n hof gesleep wat eenvoudig die spot gedryf het met alle beginsels van onpartydigheid. **Die jurielede, wat gewerf is uit die geledere van die sogenaamde „weerstandsbeweging", maar wat niks anders as kommunistiese bendes was nie, kon selfs nie eens die skyn van onpartydigheid handhaaf nie. Hulle het tydens die verhoor hul haat op die gryse gevangene uitgesis deur luidrugtig deel te neem aan uitjouery van die man oor wie hulle 'n uitspraak moes oorweeg!** Die hele affêre het meer gelyk op 'n ongeregtigheidshof wat pret moet verskaf op ontgroenings- en studentejole.

Na al hierdie bespotting waarin geen bewys gelewer kon word dat die Maarskalk sy land verraai het nie, maar inteendeel baie gered het deur 'n eerbare wapenstilstandsverdrag met sy oorwinnaars te sluit, is hy ter dood veroordeel, soos elkeen op die eerste dag van die verhoor kon voorspel het.

Die verandering van die vonnis tot lewenslange opsluiting deur genl. De Gaulle, verander niks aan die klug nie.


Die verhoor van Pétain het nog 'n voorbeeld gelewer van wat die beskawing te wagte kan wees onder die siniese septer van die Moskou-profete.

# Vraagstukke Roep Nog Tot O.B. Om Oplossing

## Kaapstad Vier Mooi O.B.-Dag: Groot Aandeel Van Boerejeug

**Die Ossewabrandwag het 'n bondgenoot gewen in die gees van die hele wêreld wat staan in die teken van maatskaplike geregtigheid, en omdat hy aan die voorpunt staan van hierdie stryd om 'n nuwe gedagte, is die toekoms oop vir hom, het gebiedsgenl. dr. F. D. du T. van Zyl op 11 Augustus in die Hofmeyrsaal gesê by geleentheid van die O.B.-dagfunksie van die Skiereilandse generaalskappe. Na die skitterende prestasies van die kommando's deur die generaals aangekondig is, het genl. Van Zyl sy besielende boodskap gebring.**

Hy het die generaalskappe geluk gewens met die mees aangename funksie en die geloof wat straal uit hul dade. Veral die twee hergeorganiseerde kommando's Durbanville en Papendorp het hy geluk gewens met die pragtige prestasies. Met verwysing na die tydelike vervanging van genle. J. S. du Toit deur mev. S. Voigt as hoofvrou, het genl. Van Zyl die hoop uitgespreek dat eersgenoemde weer spoedig sal herstel om haar werk voort te sit.



Genl. F. D. du T. van Zyl

„Is daar in ons volkslewe nog plek vir die Ossewabrandwag? het spr. gevra. Dit is 'n vraag wat nou aan die einde van die oorlog deur sommige gestel word, veral diegene wat vrees dat daar te veel plek vir die Beweging is. **„U het vanaand die antwoord gegee en met rente daarop", het spr. gesê en bygevoeg dat as daar in 1938 plek was vir die O.B., daar vandag nog groter regverdiging vir sy bestaan is. Die toestande van 1938 heers vandag nog, maar net in 'n veel erger graad, want toe was daar nog nie die oorlogstoestande wat ons nou het nie. En solank daardie toestande bestaan wat die O.B. in die lewe geroep het, solank is die O.B. se taak nie volvoer nie.**

### TWEE VRAAGSTUKKE

Hierdie toestande is in die eerste plaas die pynlike volksverdeeldheid wat selfs tot in ons familielewe deurgedring het, en tweedens die volksarmoede wat ons bedreig met volksondergang.

Net soos in 1938 is dit vandag nog die partystelsel van die Empire wat ons volk in verdeeldheid hou. Sonder hierdie politieke stelsel kan die kapitalisme in ons land nie bestaan nie. **„Laat die Ossewabrandwag eers ons volk bymekaar bring, laat hom eers die kapitalisme vernietig en die partystelsel die kop inslaan, dan kan hulle die vraag stel of sy bestaan nog nodig is".**

Ons het in die oorlog wel 'n middel gesien om ons doel makliker te bereik, het genl. Van Zyl voortgegaan. Dit was egter net 'n kort pad, en nie die enigste pad nie. Ons het herhaaldelik aan ons lede gesê dat ons enige middel gaan gebruik om ons ideale te verwesenlik. In vredestyd gaan ons optrede anders wees en ons sal moontlik ook van die stembus gebruik maak. **Ons sal aanhou veg vir die uitwissing van die euwels in ons volkslewe. Ons pers gaan hierdie geroep van die O.B. steeds luider laat opklink en dit ook by ander volksgenote indryf.**

In 1938 het ons mense ongeoefend en ongelouterd gestaan binne die Volksbeweging, maar nou in 1945 staan hierdie mense gehard na die jare van stryd en is hulle vasberade om die stryd nie op te gee voordat hul doel bereik is nie. Aan dié wat nog by ons staan, twyfel ons nie.

### BONDGENOOT

Voortgaande het genl. Van Zyl gesê dat die O.B. 'n sterk bondgenoot het omdat hy aan die voorpunt staan van 'n stryd om 'n nuwe gedagte. **Ons staan in die teken van die gedagte van maatskaplike geregtigheid of sosialisme wat die wêreld reeds beetgepak het. Goddank dat die O.B. daardie nuwe bedeling in ons land ingelui het!** Hy het 'n bondgenoot gewen in die gees van die hele wêreld, soos die onlangse verkiesing in Engeland ook bewys, wat dieselfde rigting inslaan. Ook Suid-Afrika sal hierdie sosialistiese rigting gewis en seker inslaan. Die geroep om redding uit verdrukking en verdeeldheid kan nie stilgemaak word nie. Die O.B. het gehoor gegee aan daardie geroep, en daarom sit ons die stryd met vertroue voort, want die toekoms is in ons hande.

Genl. Retief het in sy toespraak gewys op die opoffering van die lede om so'n bedrag byeen te bring. **In een geval het 'n moeder wat sonder bediende moet klaarkom, £22 ingebring deur verkoop van waatlemoenkonfyt, terwyl 'n Boeredogter £11 ingesamel het met verkoop van koek. Ten spyte van die oorstromings in sy gebied, het die brandwagte en offisiere hierdie pragtige prestasies gelewer. „Niemand kan hierdie offers stuit nie", het hy gesê.**

### WEERKAATSING

Genl. P. D. Rousseau het gesê dat ons ver gevorder het op die pad na dissipline. Die geesdrif by die kommando's is aan die toeneem. **Die geldelike opbrengste is 'n weerkaatsing van die toestand binne die Beweging — dit styg nog steeds.** Hy het veral die noodsaaklikheid beklemtoon om

(Vervolg op bl. 3, kol. 1)

VAN RIEBEECK-TRUST
MAATSKAPPY BEPERK
SECURITY GEBOU (GRONDVLOER) HOEK ADDERLEY & WALE
KAAPSTAD
*Takkantore:*
Bellville, Die Strand en Wynberg

**PLASE TE KOOP:**

KLAPMUTS: 40 morge, volop water, geen woonhuis, 40,000 wingerdstok, 690 appelkoosbome, 1 myl van stasie. Prys £4,000.

LADISMITH: 85 morge, woonhuis en buitegebou, eersteklas grond, sterk water, 7 myl van dorp en stasie. Prys £2,200.

VILLIERSDORP: 56 morge, goeie plaaswoning, volop water. Prys £2,400

PAARL en MALMESBURY: 20 plase, klein en groot, vanaf £2,000 tot £18,000.

RIEBEECK-KASTEEL en GOUDA: Plase vanaf £2,500.

SOMERSET-WES: Plase vanaf £4,500 tot £20,000.

TULBAGH: Plase vanaf £1,650 tot £3,500.

plase in CERES, WORCESTER, FRANSCHHOEK en verskillende ander distrikte.

CAROLINA-OOS, Transvaal: Pragtige natuurskone plaas in die vrugbaarste deel van Oos-Transvaal. Groot 1150 morge. Drie woonhuise op plaas, puik geboue en buitegeboue. Baie groot inkomste. Volop water. Prys baie billik.

**HOTELLE TE KOOP:**

HOTEL, 25 myl vanaf seekus. Omset £11,500 p.j. Prys £20,000.

Privaat Hotelle in KAAPSTAD, DIE STRAND, SEEPUNT. Goeie omset. Pryse vanaf £4,500 tot £9,000.

**ALGEMENE HANDELAARSBESIGHEDE:**

Vier te koop, £1,500 — £8,000.

**WONINGS:**

In KAAPSTAD en Voorstede, DIE STRAND en ander plekke.

**BOU-PERSELE:**

Van £90 — £350, BELLVILLE, PAARL, PLUMSTEAD, STRAND en ander plekke.

ONS REËL VERBANDE ! ! !

# HET O.B.-STEMME NIE NODIG, SÊ H.N.P.-BLAD

In die jongste uitgawe van Die Kruithoring, amptelike orgaan van die H.N.P., verklaar die blad dat die H.N.P. nie verleë is oor die O.B.-stemme in Kimberley-distrik nie. Woordeliks lui dit:

**„Die paar ontevrede O.B.'s is werklikwaar nie 'n ernstige faktor nie. Hulle het wel 'n hinderlike uitwerking — meer of min dieselfde soos die Kimberley-tak van die Sons of England op die teenstander het. Op sy uiterste is maar een uit elke 50 kiesers 'n lid van die O.B.".**

Hier het ons nou die tipiese gees van die partypolitiek. **Dit is nooit beginsels of mense wat tel nie, net stemme. As jy baie stemme het, is jy belangrik, so nie, is jy niks!** Omdat die H.N.P. meen dat die stemme van die O.B.-lede in daardie kiesafdeling van so geringe omvang is dat dit nie die deurslag sal kan gee nie, kan hulle maar uitgeskop en soos vyande behandel word. As dieselfde mense egter moontlik die deurslag kon gee, sou hulle fatsoenlik gewees het en dan sou na hulle gevry geword het. Omdat dr. Malan dink hy kan sonder die O.B. se hulp in Kaapland klaarkom, skop hy hulle hier uit sy party. **In Transvaal, Vrystaat en Natal, waar dieselfde beginsels tog immers ook moet geld, is hulle nog fatsoenlik — net omdat hulle daar die deurslag by 'n stembus kan gee!**

**In elk geval het die H.N.P. nou by monde van sy mees amptelike orgaan — die leier, die sekretaris en voorsitter van die party is naamlik direkteure van Die Kruithoring — te kenne gegee dat hulle nie die stemme van O.B.-lede in Kimberley-distrik wil hê nie. Hulle kan sonder hulle klaarkom. Die O.B.-lid wat in sulke omstandighede nog agter die H.N.P.-kandidaat gaan aanloop, kan voorwaar geen selfrespek meer hê nie.**

Dit lê in die hande van Kimberley-distrik om die H.N.P.-leiers tot besinning te bring. Laat hulle vir eens en vir altyd tot die besef gebring word dat ons volk nooit sy bestemming sal bereik solank mede-Afrikaners wat in hart en murg nasionaal is, deur hulle minder geag word as kleurlinge nie. Die H.N.P.-leiding het naamlik, nadat hulle lank ook verkondig het dat hulle nie verleë oor die kleurlingstem is nie, kort gelede begin sê dat hulle hul houding teenoor die kleurling in heroorweging sal moet neem. Geen sodanige heroorweging geld egter vir die O.B.-kieser nie. Hy kan maar basta!

## Wat Kimberley Kan Doen

Die verkiesing in Kimberley-distrik is vir die O.B. nie 'n geleentheid om teen mede-Afrikaners te twis nie. **Die O.B. beywer hom die afgelope twee jaar al vir die skepping van 'n volksfront met die oog op 'n verkiesing. Dr. Malan het nog elke keer so'n front verwerp omdat hy beweer dat hy sterk genoeg is om alleen te veg.**

**Die O.B. glo dat ons volk nie gered kan word sonder samewerking nie, en dat so'n front die brug sal vorm tot volksamewerking. Indien dr. Malan dus nou met hierdie tussenverkiesing tot die besef gebring kan word dat hy MOET saamwerk met Afrikaners wat hy uitskop en beveg, kan die algemene verkiesing vir die volk gewen word. So nie, sal 1943 hom herhaal.**

## £652 Ingesamel Op Stellenbosch

**Stellenbosch het vanjaar £100 meer ingesamel met O.B.-dag as verlede jaar. Die bedrag staan tot sover op £652.**

Die basaar gehou op 4 Augustus was 'n reuse-sukses, skryf komdt. C. W. Basson.

Ons handwerktafel het £97.6.0 opgebring en is daarna deur 'n goedgesinde tot £100 opgeskuif (verlede jaar was dit £74). Die lekkerstafel het £22 opgelewer, teenoor £9 verlede jaar en die koektafel £33.19.6, teenoor £23. Die familie Bredell (4 stuks) het met hul tafel £18.10.0 meer in ons kas besorg. Vleis- en groente-tafel £37.13.1 en die kafee en middagete £76.13.9.

Aan bussiegeld deur middel van woeker, orige pennis ens., het die Vroue-kommando £90 ingesamel.

Tesame met die bydraes van die Manne-kommando (ongeveer £200) en die opveiling van ons A.K.G. se geskiedkundige skildery het ons tot dusver die pragtige som van £652 ingesamel. Dit is £100 meer as verlede jaar.

**Dit is sonder die Strand, die Boerejeug en Studente se bydraes.**

## GRIKWASTAD STEL FONDSDAG UIT

Weens die ernstige droogte wat in die Hay-distrik heers, het Kommando C9b1 van Grikwastad besluit om O.B.-dag later, as toestande verbeter het, te hou. Intussen is op 'n funksie van twee korporaalskappe 'n bedrag van £14.8.0 ingesamel. Die samewerking en geesdrif was uitstekend. — (Ingestuur).

(Vervolg van bl. 2, kol. 4)

vroegtydig en stelselmatig te begin met die insameling van fondse; dit lewer ver beter resultate.

Waarn. genle. mev. S. Voigt het die vroue bedank vir die pragtige steun wat hulle aan die Beweging verleen het, en 'n beroep op hulle gedoen om sommer dadelik te begin met die werk vir aanstaande jaar.


Die vergadering is gelei deur genl. Rousseau en met gebed geopen deur ds. J. D. Vorster. Die O.B.-blaasorkes onder leiding van komdt. S. J. Swanepoel het soos gewoonlik mooi musiek verskaf.

Die Boerejeug onder leiding van jeugkomdt. Ben Pienaar, het 'n mooi voorstelling gegee van ons volkstrewe, wat groot waardering uitgelok het.

**Die Boerejeug van Bellville en Parow het 'n skitterende bydrae gelewer deur onderskeidelik £47 en £40 in te samel.**

**Die totale bydrae van die Boerejeug in die generaalskap van genl. Retief was £172-13-8, en die van genl. Rousseau £31. Die jeug was dus verantwoordelik vir meer as £200.**

Verder kan die naam genoem word van die Papendorp vrouekommando, wat £102 ingesamel het, vergeleke met £50 verlede jaar, ondanks die lede nie onder die welgesteldes tel nie. Bellville se mannekommando verdien alle lof vir hul insameling van £110.


MEUBELS

PRYSE STYG VINNIG.

*KOOP NOU!*

ONS HOU ALLEENLIK GOEIE KWALITEIT MEUBELS IN VOORRAAD.

**Werda Meubelhandelaars**

(EIENDOMS) BEPERK,

Groote Kerkgebou, KAAPSTAD.

**AKSIE!**

*HANDHAAF U EIE TAAL!*

Stuur u naam, adres en 2/6 ledegeld (vir eerste jaar) aan:

SEKRETARIS

*HANDHAWERS-ORGANISASIE*

Posbus 180 — Stellenbosch

**Paarl Monumente-Werke**

(Eien.) Bpk.

Posbus 220 — Bredastraat

PAARL (K.P.)

SKRYWE DIREK OM ONS NUUTSTE KATALOGUS

Direkteure:

L. A. B. Bohlmann — M. Bohlmann

Gevestig 1898

**ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS**

**SCHOEMANELLO DRANK...**

Vir Kwaliteit en Tevredenheid die Goedkoopste

| | Per Bottel van 1 tot 12 in 12-bottel-Kissie. | Per gelling in vaatjies van 5 gels. of meer |
|---|---|---|
| **WYNE:** | | |
| Fonkelwyn | 7/- | — |
| Lewenswyn | 3/9 | — |
| Vermouth | 3/- | — |
| Hanekraal — Cocktail | 4/- | — |
| **SOET WYNE:** | | |
| Likeurwyn en Ou Port | 2/6 | 11/- |
| Ou Wit Port en Sauterne | 2/6 | — |
| Port, Rooi Soet Muskadel, Wit Soet Muskadel | 1/8 | 8/- |
| Jeripigo, Rooi en Wit | 1/9 | 8/6 |
| Worcester Hock en Pontak | 1/7 | 7/6 |
| **SJERRIES:** | | |
| Amontellado (Droë), Kimberley Klub (Droë), Ou Bruin (Soeterig), Ou Oloroso (Soet) | 2/9 | — |
| Goue (Soet) | 2/6 | 10/- |
| Spesiale (Soeterig) | 1/6 | 7/3 |
| Sjerrie (Soeterig | 1/5 | 6/9 |
| **DROË WYNE:** | | |
| Burgundy | 1/9 | — |
| Claret en Wit Droë | 1/6 | — |
| **BRANDEWYNE:** | | |
| Super de Luxe | 8/6 | — |
| De Luxe | 7/6 | 39/- |
| Ekstra Spesiaal | 7/- | 37/- |
| F.C. | 6/6 | 36/- |
| Buchu | 7/6 | — |
| **JENEWER** | 7/6 | — |
| **LIKEURS:** | | |
| Creme de Cacao | 7/6 | — |
| Goue Manderin, Curacao, Kummel, Piesang, Perske, Appelkoos | 7/- | — |
| Naeltjie | 6/6 | — |
| Kersie, Anys, Gemmer, Lemoen, Van der Hum, Peperment | 6/6 | 34/- |
| **JENEWER-LIKEURS:** | | |
| Lemoen en Suurlemoen | 7/6 | — |

**5% of 1/- per £ afslag wanneer Kontant met Bestelling gestuur word.**

**Voeg by 5/- vir kissie en bottels, en 15/- vir vaatjie wat vergoed sal word by terugsending. Ons lewer drank in ons inhouers solank ons voorrade van inhouers het, en alleenlik op voorwaarde dat die inhouers binne sestig dae aan ons terugbesorg word. Weens bottelskaarste kan ons alleenlik in ons eie bottels, kissies drank verpak, waar sulke drank 'n minimum prys van £1-5-0 beloop (5/- vir inhouers ingesluit). Indien goedkoper kissies verlang word moet u u eie inhouers aan ons stuur. Word verkoop in 12-bottel-kissies of 5-gelling-vaatjies of groter. U kissies van 12 bottel kan Wyn, Brandewyn, Jenewer, Likeur, Vermouth en Hanekraal bevat. — Terme: K.M.B. plus treingeld na sylyne. K.B.A. plus treinkommissie. V.O.S. OUDTSHOORN.**

Bestel van

**JURGENS SCHOEMAN,**

**POSBUS 142, — OUDTSHOORN.**

**PRAGTIGE BOME OM TE PLANT TOT BEGIN SEPTEMBER**

—o—

Royal Appelkoos; Delicious en Rome Beauty Appels; Bon Chretien, Packham's Triumph, Clapp's Favourite en Beurre Bosc Pere; Kaapse en Wonder Kwepers; Adriatic, Genoa, Kaapse Wit en Bruin, Negro Largo Vye; Early Dawn, Peregrine, Elberta, Salway, Gladstone Lospit Perskes; Kakamas, Nooiens, Pullar's Tuscan, Wainwright, XMK Taaipit Perskes vir aanplanting op groot en klein skaal, aard selfs in koudste dele, Aloha Supreme, C. O. Smith en Babcock Perskes vir Pretoria en warmer en kusstreke.

Hermitage, Wit Frans, Muskadel, Kristal, Barlinka en Waltham Cross Druiwe

Spesiale pryse aan groot planters. Bestellings met £1 en meer deposito word onmiddellik uitgevoer.

—o—

HERHOLDT SE BOOMKWEKERYE — Posbus 660 — Johannesburg.

Telegramme: HERHOLDTS, EIKENHOF.

DIE O.B., WOENSDAG, 22 AUG. 1945.

# Kans Vir Staatsmanskap

Die oorlog het verlede week ten einde geloop. Soos die vorige vrede kan hierdie een ook maar net beskou word as 'n wapenstilstand. Dit het reeds die grondslag gelê vir 'n nuwe oorlog. Die oorwinnaars wat voorgegee het om te veg vir vrede en geregtigheid, het in hul oorwinningsroes reeds klaar hul voorgegewe doel verongeluk. In Europa het hulle 'n volk van 80 miljoen siele platgeslaan met die doel om hom vir die res van die eeue plat te hou. Sy gebied word versnipper, net in erger mate as sewe-en-twintig jaar gelede, toe genl. Smuts gewaarsku het dat dit die saad van 'n volgende wêreldoorlog sal wees. Duitsland se ekonomiese stelsel word tot op die grond afgebreek en 80 miljoen mense sal vir die eeue wat kom, 'n bestaan hoofsaaklik uit die landbou moet maak. Duitsers wat hulle bevind in gebiede wat aan buurstate uitgelewer word, word soos roofdiere verwilder na die brokkie wat oorgebly het, soos in Pole en Tsjeggo-Slowakye reeds gebeur — en ook Suid-Afrika wat reeds opdrag aan Duitsers binne sy grense gegee het om te wyk na die oorskot van Duitsland.

**En die land in wie se belang die oorlog aangebind is, Pole, is deur sy bondgenote as buit verdeel. Byna die helfte van sy gebied gaan na Rusland en as vergoeding kan hy maar 'n stuk uit Duitsland hap.**

Dit is in kort die resultaat van 'n oorlog wat gevoer is om die vryheid van volke en geregtigheid. Hierdie dwase parodie van staatsmanskap moet, soos genl. Smuts dit 'n kwart-eeu gelede voorspel het, weer die grondslag lê vir 'n nuwe oorlog. Want laat elkeen hierdie waarheid besef: Geen wanverhouding of skending van die reg kan ooit duursaam wees nie. **Bestendige verhoudings kan alleen opgebou word as dit wortel in geregtigheid.**

## GENL. SMUTS SE KANS

In Suid-Afrika staan op die oomblik 'n man aan die hoof wat tevore blyke gegee het dat hy hierdie waarheid besef. Onder sy bewind tydens die oorlog het hierdie waarheid geen plek gevind nie. Daar is diep wonde geslaan as gevolg van onwettige optrede en vervolging deur die regering teenoor Afrikaners wat met dieselfde vuur vir hul saak in die stryd gegaan het as soldate van die demokratiese lande vir hul saak. Gaan hierdie man toelaat dat in sy eie land gaan gebeur wat hy nie by magte was om in Europa te verhoed nie?

**Genl. Smuts is vandag in die posisie om in Suid-Afrika 'n beleid te volg van staatsmanskap wat sy vrugte in moeilike jare wat voorlê, sal afwerp.** Dit is vir hom om die angel van haat en bitterheid te trek uit die politieke stryd wat na die vrede gaan volg — net soos hy die man is wat deur 'n oorlogsbesluit verantwoordelik was vir 'n stryd wat ons volkseenheid verdonker het.

**Die Ossewabrandwag het die srtyd om 'n nuwe gedagte aangebind, en geen oormag of noodwet sal hom van sy koers kan laat wyk nie. Maar genl. Smuts is vandag in die posisie om te besluit wat die aard van daardie stryd gaan wees. Ons self is begerig dat dit openlik en skoon moet wees.**

# WEDSTRYD VIR BOEREJEUG

# Werwing van Intekenare Op „Die O.B."

Boerejeuglede word hiermee meegedeel dat daar besluit is om aan dié lid van die Boerejeug wat gedurende die tydperk 22 Augustus 1945 tot 31 Desember 1945 die grootste aantal nuwe intekenare op DIE O.B. werf, 'n boekprys met die handtekeninge van ons K.G., A.K.G. en Jeugleier voorin, te skenk.

Boereseuns, -dogters en kleingoed kan almal deelneem. Al wat gedoen moet word is om vir elke oom en tante, neef en niggie, buurman en buurvrou, maatjies, ja almal, te vra of hulle al op DIE O.B. ingeteken het. As hulle dit nog nie gedoen het nie, gee dan vir hulle 'n uitgawe van ons koerant en as hulle dit deurgelees het, vra dan of hulle wil inteken. Stuur dan **dadelik** hulle volle naam en adres saam met die intekengeld aan Boerejeughoofkwartier, Meyergebou 9, Kerkstraat, Potchefstroom. DIE O.B. word dan elke week aan dié adres gepos.

Elke brief wat aan Boerejeughoofkwartier gestuur word, moet ook die naam, adres, ouderdom en kodenommer van die Boerejeuglid wat die intekenaar gewerf het, meld.

Die intekengeld op DIE O.B. is 10s. per jaar of 5s. vir 6 maande, vooruitbetaalbaar. Alle posorders moet ten gunste van „Voorslag (Edms.) Bpk." Kaapstad, uitgemaak word. Geen koerantjie sal versend word as die intekengeld nie saam met die intekenaar se naam gestuur word nie.

# DIE OORLOG GEWEN, MAAR DIE VREDE ....?

(Deur Prof. J. A. Wiid)

Sedert ons laaste artikel het die vredesklokke gelui, die kanonne geswyg en die allerverskriklikste Tweede Wêreldoorlog wat op 'n paar weke na byna ses jaar lank vernietigend en verwoestend die mensdom geteister het, sy einde gevind. Die laaste fase van die oorlog staan in verband met die Amerikaanse aanwending van 'n nuwe wapen, die atoombom, die Russiese oorlogsverklaring teen Japan en die Japanse oorgawe. Hierdie laaste oorlogsbedrywe is blits-snel binne enkele weke afgespeel.

## DIE ATOOMBOM

Oor die atoombom, die allervreeslikste nuwe wapen, is gedurende die afgelope paar weke reeds veel geskryf. Volgens Amerikaanse bronne sou hierdie nuwe wapen oorlogsbeslissend wees en dit word van Japanse kant bevestig. Voorts word in Amerikaanse kringe ook die hoop uitgespreek dat die nuwe wapen deur sy verskriklikheid nie alleen oorlogsbeslissend nie, maar ook die toekomstige wêreldvrede vir alle tye sal handhaaf en waarborg. Hierdie wêreldvrede sal dan wees 'n **pax Americana**, want die atoombom, die waarborg van hierdie wêreldvrede, is 'n Amerikaanse geheim waarvan **alleen die beginsel** aan die Britse bondgenoot bekend gemaak is en glo **minder as die beginsel** aan die Russiese bondgenoot.

By hierdie geleentheid wil ek net die gedagte uitspreek dat die **beginsel van die atoombom** reeds lang geen geheim was nie, maar wel sy aanwending en toepassing, en dat Amerika dus waarskynlik net so min aan sy Britse bondgenoot as aan sy Russiese bondgenoot die geheim van die nuwe wapen geopenbaar het. Voorts het die geskiedenis in oorvloed bewyse gelewer dat geen **geheime wapen** vir 'n lang tyd **'n geheim** kan bly nie. Dit sal waarskynlik ook die geval wees met die atoombom waarvan die vernaamste grondstof, uranium, o.a. ook in Rusland te vinde is.

Op die oomblik staan dit vas dat Amerika die eerste was om die vervaardiging van die atoombom te voltooi en dit prakties teen 'n vyandelike stad aan te wend. Die reaksies in Londen en Washington sou interessant gewees het as hierdie nuwe wapen deur die vyand uitgevind en op 'n Britse of Amerikaanse stad aangewend is. Ons sal dan waarskynlik weer 'n geval gehad het waar twee vyande **presies dieselfde ding** doen wat tog **glad nie dieselfde ding** is nie.

## RUSLAND EN DIE VERRE OOSTE

Die Japanse kapitulasie staan sonder twyfel in regstreekse verband met die Russiese oorlogsverklaring en aanval in die Verre Ooste. Soos die Italiaanse aanval op Frankryk in 1940 en die Angel-Saksiese inval in Europa in 1944 het ook die Russe 'n vyand geslaan wat reeds erg gehawend was en seer seker nie meer 'n gevaar vir Moskou kon wees nie. Die Russiese aanval op Japan kan dan ook slegs in een sin beslissend wees en dit is die vestiging van Russiese hegemonie ook in die Verre Ooste soos reeds in Europa die geval is. Die Russiese faktor in die lande van die Verre Ooste is 'n faktor waarmee Washington en Londen wel deeglik rekening sal moet hou. Die Russiese kolos staan wydsbeen oor Europa en Asië. Dit is op die oomblik die uitstaande resultaat van die Tweede Wêreldoorlog.

## CHURCHILL RAAK BESORGD EN VERONTRUS

Russiese hegemonie in Asië en Europa is sonder twyfel 'n oorsaak van ernstige besorgdheid in Washington en Londen. Dit is die wanklank wat duidelik hoorbaar is onder die trompetgeskal en klokkegelui wat die oorwinning en die vrede aankondig. Vandaar dat die Angel-Saksiese propaganda insake die atoombom waarskynlik vir 'n groot gedeelte aan die adres van Moskou gerig is. Vandaar ook dat Churchill, net soos ons Premier reeds in 1943, met 'n **ontploffbare toespraak** voor die dag gekom het. Hierdie rede, al is dit maar dié van die Britse opposisieleier, verdien die ernstige oorweging van almal wat in wêreldsake belangstel.

Volgens Churchill is dit nie onmoontlik nie dat 'n **„geweldige tragedie hom afspeel agter die ystergordyn wat Europa tans verdeel"**. Hy het gepraat van **„die vrees waarin miljoene gesinne"** tans lewe. Oor die Pole oordeel hy: „daar is min deugde wat die Pole nie het nie en daar is min foute wat hulle nog nie begaan het nie". Miskien kon hy bygevoeg het dat al die foute saam wat die Pole begaan het, nie so groot is as die groot fout om die Britse waarborg van 1939 te aanvaar nie, 'n waarborg wat ook die Poolse aansprake op Duitse gebied ondersteun het.

Churchill het sonder twyfel rede om verontrus te wees oor sake in Europa. Vandaar dat hy sy hoop op die Verenigde State en hulle atoombom vestig. Maar ook hierdie hoop kan 'n gebroke riet wees, want, sê Churchill: „vir sover ons weet sal dit miskien drie of vier jaar duur voordat die groot vordering van die Verenigde State ingehaal kan word. In hierdie drie jaar moet ons ons betrekkinge met ander mense . . . op so'n manier omskep . . . dat vrede

(Vervolg op bl. 5, kol. 3)


# CERES VIER FONDSDAG

**OP 8 SEPTEMBER 1945**

in die

**STADSAAL**

10.30 v.m. TEE EN VERVERSINGS.

12.30 tot 2 n.m.: LIGTE ETES.

2 n.m.: OPENING VAN BASAAR deur Hoof-genl. P. R. Retief.

Van 4 n.m. tot 6 n.m.: KOFFIE EN BRAAIVLEIS.

**Bring seker u jukskeie saam.**

8 n.m.: OPENBARE VERGADERING in die STADSAAL.

Spreker:

**Adjunk-Kommandant-Generaal J. A. SMITH.**

—o—

ALMAL WELKOM!

# Brief Aan My Demokratiese Vriend In Kimberley

Geagte Volksgenoot, — Ek het verlede keer daarop gewys dat dit dr. Malan is wat voorgee om namens die Afrikanervolk in Kimberley-distrik stryd te voer, en dat hy en nie die O.B.-lede wat hy uitgeskop het nie, grootmoedig moet handel sodat die volk 'n oorwinning kan behaal — indien dit as 'n oorwinning vir die volk beskou kan word. Ek het ook beklemtoon dat dr. Malan, as hy werklik glo dat die O.B.-lede wat hy uitgeskop het, sy party vyandiggesind is en dit wil ondermyn, tog nie kan verwag dat hulle ook vir hom sal stem nie. As hy egter van hulle verwag om vir hom te stem, selfs nadat hy hulle uitgeskop het, glo hy self nie dat hulle hom vyandiggesind is nie, en dan skop hy hulle uit omdat hy vir hulle kwaad is omdat hulle nog aan die O.B. behoort. In daardie geval, het ek gesê, lê die plig van grootmoedigheid aan dr. Malan se kant. As hy meen om in Kimberley iets vir die volk te wen, moet hy die grootmoedigheid openbaar en saamwerk met die Ossewabrandwag. As hy dus verloor, sal dit nie die O.B. se skuld wees nie, maar sy eie.

Jy skryf dat dit ons plig is om almal saam te werk en die verskille van die verlede te vergeet. Jy is volkome reg. As ons nie met alle mag gaan probeer om saam te werk nie, gaan ons onder.

### MISVERSTAND

Die feit is juis dat die O.B. nou in Kimberley die volk se oë wil oopmaak vir die noodsaaklikheid om saam te werk. Jy dink nog in terme van partye — dis nie jou skuld nie; ons is vir twee geslagte lank opgevoed om so te dink — maar die O.B. dink in terme van die volk. Jy verstaan onder samewerking dat die O.B. die H.N.P. moet ondersteun teen wat bekend is as die „Sappe". Die O.B. daarenteen soek geen samewerking met 'n party nie, maar met die volk.

Binne die sogenaamde Sap-party is daar tienduisende Afrikaners net so goed soos jy en ek. Met die laaste verkiesing het genl. Smuts so'n groot oorwinning behaal dat as dr. Malan 'n toekomstige verkiesing wil wen, hy minstens 200,000 van genl. Smuts se ondersteuners sal moet „bekeer". Dit beteken dat die H.N.P. by die volgende verkiesing sy geledere sal moet versterk met nog 200,000 Afrikaners uit genl. Smuts se geledere. As hulle, soos die partypolitiek voorgee, sleg is omdat hulle verlede keer verkeerd gestem het, kan hulle mos nie sommer ewe skielik weer goeie Afrikaners word net omdat hulle nou weer vir dr. Malan gaan stem nie? Dan is hulle mos dwarsdeur goeie Afrikaners, en het hulle net aan die verkeerde party behoort — en daarin het hulle ook maar net uitvoering gegee aan die eis van die konstitusie dat hulle aan een van die twee noodsaaklike partye van die parlement moet behoort. Hulle is dus baie goeie konstitusionele Afrikaners.

### ALMAL VOLKSGENOTE

Die O.B. beskou sulke „Sappe" dan ook as volksgenote, of hulle vir hom stem of nie. Hulle stem kan niks verander aan hul karakter indien dit goed is nie. As die O.B. dus nou in Kimberley-distrik gaan kant kies het saam met dr. Malan, moes hy hierdie goeie Afrikaners ook beveg het, en sou hy meegehelp het om die verdeeldheid onder die volk te bestendig en te verskerp. Daarom pleit hy liewer nou in Kimberley-distrik vir 'n volksfront, sodat ons almal as VOLKSGENOTE kan saamwerk teen gemeenskaplike vraagstukke in plaas van as PARTYGENOTE stryd te voer teen ander volksgenote.

As ons egter die metode van die partypolitiek moet volg, en dr. Malan slaag daarin om die 200,000 „slegte Sappe" te bekeer tot 200,000 „goeie Afrikaners", dan sal jy en ek moet erken dat daardie 200,000 Sappe beter Afrikaners sal wees as ons twee. Want hulle sal 'n grootmoedigheid moet openbaar wat selfs dr. Malan nie vandag bereid is om te openbaar nie. Hulle sal moet erken dat hulle verkeerd was en dat hulle nog altyd „die volk se enigste party" beveg het tot hul eie skade en skande. En hoeveel mense dink jy is bereid om so grootmoedig te wees?

### MAAK DIT MAKLIK

Nee, my vriend, laat ons dit vir hierdie mense baie makliker maak om met ons saam te werk vir die oorwinning van ons volk. Gee hulle 'n kans om met hul volk saam te werk, waarvan hulle nog altyd lid was, in plaas van 'n party wat hulle voorheen beveg het. En daardie kans kan jy hulle gee deur 'n volksfront te skep, soos die Ossewabrandwag bepleit, naamlik laat hulle by 'n volgende verkiesing stem nie vir partykandidate nie, maar vir volkskandidate wat niemand anders as hul kiesers sal verteenwoordig nie. Laat hulle stem vir die MAN en nie vir 'n PARTY nie. Dan sal hulle saam met jou en my werk, want ons almal sal dan saam met ons volk werk en nie saam met die een of ander party nie, wat ELK op sy beurt voorgee dat hy die volk is.


Dit is daarom dat die O.B. ook nou sprekers na Kimberley-distrik stuur om die volk van hierdie waarheid en noodsaaklikheid te gaan oortuig.

---

● Bye van dieselfde nes beveg nie mekaar nie, en hulle produseer volop heuning.

'n Volk wat nie in partytwiste gewikkel is nie, kan ook welvarend word.

# POLITIEKE SLAGOFFERS VAN 'N PARTYBEWIND



D. J. CONRADIE.

In Spoorwegdiens te Durban. Op 7 April 1942 geïnterneer na 23 jaar diens. Ontslaan op 27 Maart 1944. Geen verhoor. Onder die redes wat aangevoer is vir sy internering, was dat hy „'n Britse staatsman" beledig het deur te sê dat Duff Cooper beweer dat daar nie genoeg skeepsruimte vir die ontruiming van Engelse kinders is nie, nadat hy sy eie kinders na Amerika gestuur het!

„Ek sal my mede-Afrikaner nie in die steek laat nie en hom nie aan die vyand uitlewer nie".

# Vraagtekens in Die Nuus

### *WEET DIE BRITTE?*

Aanvanklik is die uitvinding van die atoombom aangekondig as 'n gesamentlike geheim van die Amerikaners en Britte. Engelse koerante het selfs die portret van 'n Britse minister geplaas en meegedeel dat hy tot aan die einde opsig gehou het oor die navorsing.

Nou deel 'n Kanadese minister die wêreld mee dat hoewel Engeland en Kanada gehelp het met die navorsing om die atoom te splits, hulle nie deel in die Amerikaanse geheim om die bom te vervaardig nie. Hulle is darem geregtig om te vra hoe dit gedoen word!

### *VOORSPEL DIT HONGER?*

Die Minister van Landbou het die aanstelling van 'n nuwe raad aangekondig. Dit is hierdie keer 'n voedselraad en die taak van die raad is om ondersoek in te stel na die voedselbehoeftes van die Unie en aanverwante onderwerpe.

Hoe radeloser die partypolitici word oor volksvraagstukke wat hulle nie die hoof kan bied nie, hoe meer rade stel hulle aan om agter te skuil en die volk se oë te verblind. Dit het ook gebeur in die geval van behuising. Toe sake verkeerd begin loop, is 'n behuisingsraad aangestel, en die belangrikste taak wat dit vervul het, was dat die verantwoordelike Minister die skuld vir die woningtekort geplaas het op die voorsitter van daardie raad.

Is hierdie nuwe raad miskien 'n aanduiding van 'n hongersnood wat verwag word?

### *WAT IS WAAR?*

Dr. Karl Bremer op Somerset-Oos: „Almal is welkom: Engelssprekende, Afrikaner-Sap en O.B., net oor ons regeringstelsel kan daar geen kompromis wees nie". (Die Burger, 14 Aug.)

Die Hoofraad van die H.N.P. waarvan dr. Bremer voorsitter is: „Diegene in Kaapland wat nog O.B.-lede is, se lidmaatskap het op 15 Junie outomaties verval". (Die Burger, 18 Junie).

### *OOK NOG V-R-DAG?*

Die Cape Times wys daarop dat die benaming „V.-J.-dag" vir die dag waarop die oorlog teen Japan beëindig is, verkeerd is, omdat dit die beëindiging van die hele oorlog veronderstel en dus net V.-dag moes heet. Die beëindiging van die Europese oorlog is aangedui as „VE.-dag" omdat die oorlog toe nog in die Ooste voortgeduur het.

Lê die oplossing vir die misverstand nie dalk hierin dat daar nog 'n V.-R.-dag in vooruitsig gestel word nie?

---

(Vervolg van bl. 4, kol. 4)

op aarde en geregtigheid onder mense" moontlik sal wees.

Die arme Europa en drie of vier jaar! Intussen is Duitsland, die enigste bolwerk teen die Russiese Kolos, vernietig. Churchill se koerante openbaar kiekies van hongerende Duitse kinders by die afvalbakke waarin Engelse soldate hulle oorskietkos werp! En Frankryk en Italië? Eersgenoemde se stem word nie meer op die Europese konferensies (Teheran, Yalta, Potsdam) gehoor nie; wanneer het so iets al ooit in die Franse geskiedenis gebeur? En laasgenoemde het geword wat hy in die middeleeue was: die land van geheime verenigings waar Italiane mekaar uitroei. Voorwaar, Churchill en ook veldm. Smuts het rede om besorgd en verontrus te wees. Die pad van Moskou na die Weste is oop!




'N VERKENNERREEKS-UITGAWE

**Moedertaal EN Tweetaligheid**




deur Dr. P. J. MEYER. 2/- posvry.

**BEROEPSREGERING**

word in die volgende boek bepleit

**Managerial Revolution**

deur J. BURNHAM.

Nou verkrygbaar in die Penquin-Serie 1/5 posvry.

*Nuwe Boeke:*

**Ons Bou 'n Stad**

deur FRITZ STEYN

9/- posvry.

*

Van dieselfde skrywer is die volgende boek so pas herdruk:

- **PENKOP-KOMMANDO** 7/6 posvry
- **VRYHEIDSHELD ONTSNAP DIE DOOD** Kootjie van den Heever, 1/5 posvry
- **CONCORDIA** J. P. Malan . . . . . . 1/5 p.v.
- **MANS VERBODE** deur R. Hendriks . . . . 4/- p.v.
- **UIT DIE DIEPTES** deur Johan Theron . . . . 7/- p.v.
- **HEILIGE BEESTE** Gedigte deur D. J. Opperman 7/6 posvry
- **DIE SKOOL STUUR SPEURDERS** deur Theunis Krogh . . 8/6 p.v.
- **VERKEERDE LIEFDE** Ella Eloff v. d. Walt . . 6/10 p.v.

**PRO ECCLESIA-BOEKHANDEL**

Posbus 29

STELLENBOSCH

